

Skriflesing: Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:15-20; 1 Korintiërs 5:6-8

Teks: **Levitikus 23:6-8**

Sing- **Ps. 118:12; Ps. 42:2; Sb.33:3**

Levitikus 23:1-8

Lev 23:1 Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.

Lev 23:4 Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE;

Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Lev 23:8 Maar julle moet sewe dae lank aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

Eksodus 12:15-20

Exo 12:15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word.

Exo 12:16 En op die eerste dag moet daar 'n heilige samekoms wees; ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie; net wat deur elkeen geëet moet word, dit alleen mag deur julle berei word.

Exo 12:17 Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.

Exo 12:18 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, in die aand.

Exo 12:19 Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg in julle huise gevind word nie. Want elkeen wat iets eet met suurdeeg in, dié siel moet uit die vergadering van Israel uitgeroei word, of hy al 'n vreemdeling is of 'n kind van die land.

Exo 12:20 Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode eet.

1 Korintiërs 5:6-8

1Co 5:6 Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?

1Co 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

1Co 5:8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

Skriflesing: Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:15-20; 1 Korintiërs 5:6-8

Teks: Levitikus 23:6-8

Sing-

Broeder en suster, voor ons spesifiek die fees van die ongesuurde brode na kyk, is dit belangrik om wel in aansluiting by vanoggend, waar ons daarvoor nie behoorlik tyd kon maak nie, tog te let op hoe Jesus se laaste week op aarde verloop het- hoe het Jesus se lewe die laaste week- 'n Sondag na Sondag verloop gehad. Die reeks kan op die einde, in sy volledigheid net sin maak as ons hierdie agtergrond ook goed ken...

Ons het gewys op die tiende van die sewende maand, waar ons reeds wou wys, die maand abib, altyd die 7de maand, het die Jode gevoel, Paasfees is vir hulle so belangrik, hulle verander die 7de maand na hulle nuwejaar, dit word die eerste maand, hulle noem dit die maand nissan. Die 10de van nissan ry Jesus daardie Sondag op 'n donkiemerrie, want sy het ook nog 'n vul gehad, Jerusalem binne. Watter triomfantlike intog was dit! Maandag maak Jesus die tempel skoon, geldwisselaars word daar uitgejaag, Maandag was ook die dag van die vervloeking van die vyeboom. Dinsdag is die dag waarop daar baie gepraat is, baie is gesê! Die stryd om die hart van Israel. Daar is gepraat oor Jesus se gesag, Jesus vertel van sy laaste gelykenisse, die van die twee seuns in Matt. 21:28-32, verder die gelykenis van die huurders, die gelykenis van die bruilof. Dan kom die vyand maar nog weer met strikvrage, probeer om Jesus vas te trek, veral dan nou met die belasting-vraag, betaal julle meester belasting...? Ja, Dinsdag was dag van baie woorde, die Sadduseërs probeer Jesus vasvra of daar in die opstanding weer huwelike gaan wees, gaan ons as getroudes dan ook getroud wees? Daarna kom wêér die Fariseërs om Jesus vas te probeer vrae oor die groot gebod. Alles Dinsdag, maar op die ou end dan praat Jesus, Hy praat alleen. Hy ontmasker die Fariseërs en Skrifgeleerdes, Hy vertel die aangrypende profetiese redes. Daardie moeisame Dinsdag waarop baie gepraat was, gaan Jesus die aand weer terug na Betanië.

Woensdag is wanneer Jesus na ménse kant iets van 'n rustiger dag sou ontvang, die dag waarop Hy deur die vrou gesalf sou word, maar die verskriklike raad van Judas Iskariot vind daardie Woensdag plaas. Donderdag, ja meer na die aand se kant toe, vir die Jode is dit die begin van Vrydag is dit Pasga, Jesus maak dit die eerste Nagmaal, Hy vertrek in die donkerste ure van daardie nag na Getsémané, die dissipels kan nie wakker bly nie, Hy word gevang. Sy liggaamlike lyding en diepste foltering word al erger. Dit deurloop die verhore in die nagtelike Vrydag-nag en oggend-ure. 9h00 word hy gekruisig. 3h00 die middag sterf Hy.

Vóór sononder word Hy begrawe. Saterdag rus sy liggaam in die graf, want Sondag wag. Die dag waarop die skepping begin het, word die dag van die herskepping. Sondag het Hy uit die graf uitgegaan, Israel moes weet die 17de nissan, Hy het opgestaan/ die res van die die wêreld- die 17de abib, Hy het opgestaan Hy lewe. In Hom keer ons terug na Lev. 23.

Broeder en suster, nou is ons terug by die feeste. Ons sluit direk aan by vanoggend. Hierdie feeste in Levitikus sluit in alle geval ook bymekaar aan. Die een kry sy betekenis in die vorige een. Die fees van die ongesuurde brode is net ná die Pasga gevier, dit vorm eintlik in geheel deel van die Paasfees. Die Pasga was die 14de nissan, die 15de nissan is dan die begindag van die fees van die ongesuurde brode van die Here, 'n fees wat 'n week lank sou strek. As die Pasga-ete klaarmaak dan word dit hierdie fees.

Die Pasga wat vir ons sê jy as mens het verlossing nodig. Israel was in Egipte 'n slawevolke gewees. Die mag van Faraó het hulle vasgedruk, hulle het baie swaar gekry. Ja, die Paasfees het ons reeds vanoggend gewys is die begin van die feeste. Dit dui op nuwe lewe wat daar sal wees, nadat die mens so goed soos dood was. In Egipte was die volk so goed as dood. Die Here het laat herleef, die Here maak met die Paasfees 'n nuwe begin, die begin van 'n nuwe verhouding met God. Daarom het ons die Paasfees op Sondag wou toepas. Die eerste dag van die week, die begin van om met God hierdie week in te gaan. My verhouding met God moet vanuit hierdie dag, Sondag, die Opstandingsdag vooruit strek van Maandag tot Maandag. Van Vrydag tot Vrydag- dit wil in alle geval lyk dat die fees op 'n Vrydag sou saamval, ja die dag toe Jesus gekruisig was, was dit Vrydag- die 15de van die 7de maand het daardie aand begin.

Party sê dan ook dat die fees van die Paasmaal wys na Jesus se kruis, hiermee saam die fees van die ongesuurde brood wys na Jesus se begrafnis. Josef van Arimathea, die Bybel noem hom 'n lid van die Raad, 'n goeie en regverdigte man, 'n man wat met sy ampsgenote verskil het, hy het self die koninkryk verwag... ja Josef was 'n man wat die suurdeeg uit sy eie lewe, die sonde probeer uithaal het, hy het daarteen gestry... vóór die fees van die ongesuurde brode gaan praat hy met Pilatus, hy vra toestemming om die liggaam van Jesus van die kruis te haal. Met hierdie liggaam gebeur presies wat die Jode vir jare met 'n gebreekte deel van die Pasga brood gedoen het. Ons het met die eerste diens daarna gekyk. Jesus se liggaam is in doeke toegedraai, Josef het Jesus in 'n graf neergelê, 'n graf uit rots gekap waar nog nooit iemand in gelê het nie...

Weet u dit is heilshistories hoe dinge gebeur het, maar dieselfde gebeurte het ook heilsordelike betekenis. Dit vertel eintlik die verhaal van God se orde met ons. Die heilsorde waar God ons kon verlos, moes Hy ons eers regverdig maak. Dit het gebeur deur Paasfees, deur die gekruisigde liggaam, deur die bloed van die Lam is ons verlos. Dit alles staan in verband met ons regverdigmaking. Paasfees is die fees van die regverdigmaking.

Nou breek die 15de in Lev.23 aan. Skielik is hier sprake van 'n opvolgende fees. Ja, dit is nie so skielik nie, dit is eintlik logies. Die mens deur God regverdig gemaak, die mens moet heilig lewe. Die fees van die ongesuurde brode kan net sowel die fees van die heiligmaking genoem word. Ja, Paulus dra die fees direk na ons lewe vandag toe oor- Vir die Korintiërs skryf hy (1 Kor.5:6-8). *Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? ⁷ Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. ⁸ Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.*

Dis duidelik- die Jode noem hierdie fees die *Hag- Hamatzot*- In die Bybel lees ons 6 keer van hierdie fees. 5x in die Ou Testament. Die een keer in die Nuwe Testament wat ons wel ook direk van die fees van die ongesuurde brode lees, is in Mark 14:1 - *¹ En die pasga en die fees van die ongesuurde brode sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak...*

Die woorde in Markus is eintlik so ironies van die mense kant gesien. Die mens wil beweer dat Jesus een is wat sonde doen. Die Jode het gesê Jesus spreek godslasterlik. Hulle wil Jesus met lis gevange neem, Hom doodmaak, dit kort vóór die Paasfees en spesifiek die Fees van ongesuurde brode. Die fees sonder suurdeeg. Terwyl al Een wie se lewe die simbool kon wees van daar is geen sonde in Hom nie, daar is geen suurdeeg in Hom nie, is net die Een Jesus Christus. Dit is mense vol suurdeeg wat beweer dat Jesus nie ongesuur is nie... ironies nie waar nie ?!

Hy wat soos Ongesuurde Brood voor ons geestesoë moet verskyn. Dit is eintlik waarom 'n groot gedeelte van Hebreërs oor handel. Hebreërs 9:11 – 10:18 wys op die punt van offers en

bloedstorting, tog was dit net die sondelose bloed van die Messias waar Hy Homself as ongesuurde brood vir ons gegee het. Die Paasfees was gevul met die werklike dood van Jesus, die fees van die ongesuurde brode word vir ons vervul met die offer van Jesus se sondelose bloed, sy skone reine liggaam wat vir ons gebreek sou word. Die fees van die ongesuurde brode is eintlik so in die Paasfees vervat.

Dit laat sonder suurdeeg eintlik die Paasfees uitrys, dat ons al duideliker kan sien hoe groot is die gebeure van Paasfees werklik. Om te dink aan die liggaam wat vir ons gekruisig is, die bloed wat vir ons gestort is. Hy was werklik sonder sonde. Sy sondelose bloed het Hy vir ons gestort daardie oomblikke toe hulle sy liggaam slaan en deurslaan met spykers, die bloed vir ons sou vloei. Hy word gebreek vir ons, wat die wyn en die ongesuurde brode met bitter kruie tydens die Paasfees ook al gesimboliseer het.

Die Pasga staan dus heeltyd as éérste fees. Al die eerste feeste, al vier van hulle kom eintlik elke keer terug na wat was Jesus se koms, sy eerste koms as Mens vir ons werd? Wat beteken Paasfees werklik? Die dood van die Messias en die sondelose Lam vir ons geslag laat die eerste twee feeste, die Paasfees en die fees van die ongesuurde brode bymekaar insluit. Ons het reeds gewys dat ons kan maar net sowel die fees kan noem, die fees van heiligmaking. Jesus wat in alles heilig was, ja God is heilig daarom is Jesus dit ook, want Hy is God.

Hierdie God het vir die Jode in Levitikus al gesê, julle moet nie suurdeeg hê nie. Suurdeeg wat eintlik mos maar niks anders is as ou deeg wat gelaat is om suur te word. Hierdie ou deeg, dit wat suurdeeg geword het, moet in ons lewe die nuwe deeg ingeknie word. (Dit is waarop ds. Smit se preek van verlede Sondag ook op neerkom, toe hy gepreek het oor bekering). Die ou verdorwenheid, die deurtrekkende sondes van ons lewe moet uitgehaal word. Daar moet nie suurdeeg in ons lewe wees nie, is om te sê ons moet teen die sonde stry, ontslae raak van die ou reste. Israel het uit Egipte moes trek sonder suurdeeg, al daardie dinge wat hulle by die Egiptenare geleer het, heidense gewoontes, heidense sondes, dit wat ook hulle volkslewe deursuur het, hulle moet daarvan ontslae raak.

Net 'n verdere aspek in die Jode se lewe het die fees van die ongesuurde brode ook twee ander elemente bevat. Die feit dat hulle haastig moes trek, lê ook in die ongesuurde brode. Daar is nie nog tyd/ruimte om wanneer julle moet trek vir die proses te wag nie. Trek dadelik,

daar is nie nog tyd vir suurdeeg om te werk nie, ongesuurde brood vat in alle geval ook minder plek. Dit is meer geskik vir die reis, dit word nie so maklik sleg soos brood met suurdeeg nie.

Dan het die fees van die ongesuurde brode uit 'n heel ander hoek die Jode verder aangegryp, dit moet ons in Christus ook aangryp. Ons het gewys dat hierdie feestye val ooreen met ons Mrt./Apr.-maand. In Israel lui die fees van die ongesuurde brode die nuwe oesjaar in. Die lente begin. Die eerste wat hulle gewoonlik dan kon begin oes was hulle gars-oes, maar voor die nuwe oes die huise mag inkom, dan moet hulle eers hulle huise skoonmaak. Ons vrouens sou in vandag se terme sê die huis moet "ge-spring-clean" word. Ja, in Israel het hulle so vêr gegaan dat direk na die groot skoonmaak het die hoof van die huis seremonieel die hele huis met 'n olielamp deursoek, om seker te maak dat die huis behoorlik skoon is.

Die garsoes kan die skoon huis inkom, maar die brood uit die nuwe vars gars gebak, mag geen ou deeg, suurdeeg bevat nie. Die garsbrood was sonder suurdeeg of dan nou wel ou deeg. Daar het 'n nuwe oes die skoon huis kon binnekom. In aansluiting by wat ons reeds besef die Jode sien hierdie ook as die begin van hulle Nuwejaar. 'n Nuwejaar wat hulle skoon wil begin. Die verlossing uit Egipte is vir hulle so belangrik, dit word 'n nuwe jaar, 'n nuwe seisoen 'n nuwe lewe kan begin. Die ou suurdeeg moet uit en weg. Die ou seisoen wat met sy woestyn winter en vingers diep ingeslaan was, is nou deel van die ou dinge. Hulle kan ontslae raak van hulle vuilheid.

Broeder en suster, ons Nuwejaar begin nou nie soos die Jode dit eers nou in hierdie tyd van die jaar begin nie, maar ons het rede om 'n baie groter fees te vier. Die nuwe lewe het ons reeds kon ontvang. In Joh. 6 lees ons dit was juis naby die tyd van die Paasfees wat Jesus se vermeerdering van die brood was. Hoe aangrypend, Hy voed duisende mense, met vyf brode en twee vissies, daardie brood maak nie saak of daar suurdeeg in was nie, want dit gaan om Hom, wat sonder suurdeeg, sonder sonde die brood kan méér maak. Jesus se vermeerdering van die brood, as ons Joh. 6 mooi lees het juis Jesus se aanspraak bevestig dat Hy die ware brood is, die brood van die lewe. Hy is die brood uit die hemel wat lewe gee. In Hom is geen onreinheid, geen suurdeeg nie. Hy die ongesuurde brood het al ons suurdeeg, ons verdorwenheid op Hom geneem. Hy dra dit aan die kruis, Paasfees, Hy dra die suurdeeg van sonde die graf is. Dit doen Hy, net Hý alleen, dat die ware fees van ongesuurde brode nie net 'n week lank ons fees kan wees nie, maar dit moet word 'n lewenslange fees.

Ons lewe van heiligmaking moet een wees met wat hierdie fees vir Israel beteken het. Ons het reeds na 1 Kor.5:6-8 verwys. Deur Paulus sê die Here vir ons- *Suiwer dan die ou suurdeeg uit...sodat julle 'n nuwe deeg kan wees...* en dan gaan Paulus net nog dieper op die gedagte van hierdie fees in. Ons lewe moet ongesuur wees- presies dit wat Paulus sê- *soos julle inderdaad ongesuurd is.* Vers 8- **8** *Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.* Kol 3:8 wys ook na die lewe van heiligmaking- **8** *Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.* **9** *Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het...*

Vandag het ons na hierdie eerste twee feeste kon kyk. Watter voorreg om daarin die dood van Jesus Christus en die feit dat Hy begrawe is, reeds hierin te kon sien. Die Paasfees, die fees van die ongesuurde brode... die Lam is geslag 'n sondelose liggaam het die graf ingegaan. Daar was in Hom geen suurdeeg nie... Dit gebeur in hierdie verhouding. Ons moet dit goed beseef. Ons kan nie sê dat ons lewe moet ongesuur wees, dat ons ook geregverdig kan word nie. Nêe, die feit dat ons reeds geregverdig is, die feit dat Paasfees eerste staan, altyd eers God wat moet werk vóór ons kan werk... alleen op grond van die Pasga kon daardie fees van ongesuurde brode wees en juis nie andersom nie. Soos die Jode in die feestyd hulle huise met lampies deursoek het, in elke donker hoekie is van die ou suurdeeg ontslae geraak, so moet die Wet van God elke donker hoekie van ons lewens inskyn om van alle suurdeeg ontslae te raak.

Net 'n klein bietjie suurdeeg kan die hele deeg deursuur. Sonde wat klein is, 'n tong wat klein is, kan 'n hele lewensloop aan die brand steek. Laat ons ongesuur hierdie week ingaan. Ja, met die woorde van 1 Joh.1:9- wat wys hoe die fees kon afsluit- **9** *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.* Volgende week kom ons DV by die fees van die eerste vrug- die Here sê in Levitikus- *die eerstelinggerf van julle oes moet julle na die priester bring...* Ja, dit is 'n fees as deel van God se verlossing. Die lyn van Jesus se dood- Paasfees, die lyn van Jesus se begrafnis- die ongesuurde brode, moet ons laat kom by Christus se opstanding. Dit is waaroor die fees van die eerste vrugte werklik oorgaan. Mag ons daarby kom.

AMEN